



# SAT-7 NUUS



SAT-7 SA Nuisbrieff—September 2018

## SAT-7 TÜRK ONDERSTEUN AFGESONDERDE GELOWIGES

Slegs sowat 200,000 uit die byna 80 miljoen mense in Turkye is Christene. Dis logies dat Christene in hierdie streek afgesonderd kan voel te midde van baie wanpersepsies wat jeens die Christelike geloof bestaan. Met 'n onlangse aanlyn-opname het kykers egter aangetoon dat SAT-7 TÜRK hulle ondersteun en help om die Christelike geloof beter te verstaan.

Hierdie onlangse SAT-7 TÜRK aanlyn-opname wou onder andere vasstel hoe kykers deur die kanaal geraak word. Die resultate was bemoedigend. 1 uit 3 respondente sê hulle het gegroei in hul begrip van die Christelike geloof, het ondersteuning beleef in moeilike tye, of voel verbonde met ander Christene ná hulle SAT-7 TÜRK begin kyk het.

Toegegee, die respondente was slegs 'n klein persentasie van SAT-7 TÜRK kykers en nie verteenwoordigend van die hele kykertaal nie. Nietemin toon hierdie reaksie dat SAT-7 TÜRK daarin slaag in sy missie om God se liefde op 'n doeltreffende manier aan afgesonderde gelowiges te bring.

### BEGRIP VIR CHRISTENSKAP

Met so min Christene in Turkye, is dit begryplik dat daar baie wanopvattinge is oor Christenskap. Dus is dit baie

bemoedigend dat meer as 'n derde van die respondente sê SAT-7 TÜRK het hul gehelp om die Christelike geloof beter te verstaan. Gelowiges wat nie toegang het tot Christelike lering nie, baat daarby, en ook mense van ander gelowe wat die Christelike geloof verkeerd verstaan.

'n Man getuig soos volg:

**“My vrou het saam met my na die kanaal gekyk en was beïndruk. Sy het begryp dat Christene nie monsters is nie, veral nadat sy die films gekyk het. Haar perspektief het verbreed, en my geloof het verdiep.”**

### NIE ALLEEN NIE

**“Daar is geen kerk waar ek gewoon het nie. Ek het by die Here gebly deur SAT-7 TÜRK te kyk,”** skryf 'n vroulike kyker. Sy is een van baie wat

getuig van hul blydschap om 'n Christelike kanaal soos hierdie te hê. Christene in Turkye vind nie maklik geleentheid vir gesamentlike aanbidding nie. Sommige kykers vertel hulle het niemand om mee te praat en geen plaaslike kerk om heen te gaan nie. SAT-7 TÜRK help om hierdie gaping tussen gelowiges te oorbrug. 29 persent van kykers dui aan die kanaal help hulle om verbonde te voel met ander Christen gelowiges.

'n Kyker sê:

**“Danksy julle, voel ek nie alleen nie. Ek kan nie 'n kerk bywoon nie, maar julle programme versterk my geloof. Hulle help my om op die weg van Jesus Christus te bly en om weer koers te vind as ek verdwaald raak. Dankie aan almal wat vir hierdie kanaal werk!”** ■

# NUWE BYBELPROGRAM VIR KINDERS KRY GOEIE REAKSIE

Nuwe interaktiewe regstreekse SAT-7 KIDS program maak kinders opgewonde oor die Bybel. Die eerste episode van 'n Raaisel en 'n Storie het entoesiastiese reaksie uitgelok van kykers wat ingebel het na die program.

Selfs uit Algerië (waarvandaan kykers selde oproepe maak) het 'n pa, wat saam met sy gesin die program kyk, die SAT-7 KIDS span geskakel.

“Die kinders is so ingenome met die nuwe program! Baie geluk! Ons wil graag deelneem!” het hy gesê terwyl sy kinders in die agtergrond “Dankie!” geroep het.

## KWEEK GOEDHARTIGHEID

Elke 90-minute episode van 'n Raaisel en 'n Storie bevat liedjies, kort drama aanbiedings en spesiale verslae wat betrekking het op 'n Bybelse storie. Kykers kan tydens die program inbel en aan 'n kompetisie rakende die storie deelneem. Uit dié wat reg antwoord, word 'n wenner gekies, en aan die einde van die program aangekondig.

Die eerste aflewering was oor die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. In 'n mini-drama was daar 'n jong meisietjie wat hulp nodig het, terwyl elkeen van haar vriende met 'n verskoning kom in plaas van om te help. In die toepassing is wenke gegee oor die belangrikheid om ander te help; en in 'n werklike verslag,

opgeneem by 'n skool, is kinders gevra wat hulle sou doen as die klas se boelie hulp nodig het.

## PRAKTIESE BYBEL-ONDERRIG

Marianne Awaraji, filmvervaardiger en teksskrywer, en haar regisseur-man, Rawad, het die program saamgestel. Sy is self 'n gewilde SAT-7 KIDS aanbieder, en verduidelik die doel van 'n Raaisel en 'n Storie:

“Die gedagte is om Bybelverhale vir kinders op praktiese maniere te verduidelik,” sê sy. “Ek het in die kerk grootgeword, en het die stories geken, maar meeste se betekenis nie verstaan nie, en ook nie geweet hoe om dit in my lewe toe te pas nie. Ek wil hê kinders moet, terwyl hulle grootword, hierdie stories verstaan, en weet hoe om dit toe te pas.”

## BETREK KINDERS

Twee begaafde jong aanbieders, Keana en Joyce, verduidelik die verhale aan kykers. Die twee meisies wat nog nie voorheen programme aangebied het nie, is opgelei deur Marianne en Rawad.

“Regstreekse uitsendings op televisie is

baie moeilik. Met 'n regstreekse uitsending moet jy telefoonoproepe neem en kinders se vrae beantwoord. Jy moet weet wanneer om 'n lied, of die video-snit te speel, of wanneer 'n pouse nodig is. Dis uitdagend, maar hulle vaar goed.”

## WEK NUUSKIERIGHEID

Die aanbieding vind plaas op 'n aantreklike stel wat kykers se aandag trek. Rawad beskryf dit as “'n plek waar elke kind graag sou wil wees – om te speel in 'n kleurvolle huis, en musiek te maak met hul maats.”

Die span hoop die oorblywende 25 regstreekse uitsendings hierdie seisoen sal telkens so goed ontvang word deur die kinders, en dat dit kykers sal help om geestelik te groei.

“Ek wil nuuskierigheid in die kinders se gemoed wakker maak, en hulle inspireer om lief te wees vir die Bybel en die stories interessant vind,” sê Marianne. “Ek wil hê hulle moet ervaar: ‘Ek kan assosieer hiermee. Om die Bybel te lees is belangrik vir ons Christelike lewe en ons verhouding met God.’” ■

## Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,  
Lynnwoodrif  
Pretoria 004  
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org  
southafrica@sat7.org  
+27 83 628 6488  
+27 12 807 2763

## Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa  
ABSA / Takkode: 632005  
Tjekrekening: 93-1343-4717  
Verstrek asb naam en adres  
met inbetaling

MAAK  
LIEFDE  
SIGBAAR